# CBMC Gebedsbrief

**10 November 2025**

## KALENDER

November
15 *EXCOM vergadering
21 *CBMC Bloubergspan Uitreik
29 *Raadsvergadering

Desember
10 *Skole Sluit
11 *CBMC SA Kantoor Sluit

## VERJAARDAE

November
10 Francois Cillié (Noordelike Voorstede)
Thean Lourens (Helderberg)
André Nieuwoudt (Boland)
Corné Struwig (Gauteng)
11 Helgard Pienaar (Helderberg)
12 Frikkie Marais (Helderberg)
13 Gerhard Notnagel (Helderberg)
Tian Smit (Noordelike Voorstede)
15 Johan Cilliers (Noordelike Voorstede)
Drikus Kotzé (Boland)
Andro Venter (Helderberg)
16 Pieter Burger (Vrystaat)




Om ware volgelinge (dissipels) van Jesus te wees, is ons ook ambassadeurs van die Koninkryk van God. Die volgende is eienskappe van 'n markplek ambassadeur, en hiermee wil ek elkeen bemoedig om selfondersoek te doen en te sien of ons kwalifiseer as ambassadeurs van God se Koninkryk waarvan ons burgers is. Ons kyk hierdie week na nog 3 eienskappe van 'n Ambassadeur van Jesus Christus.

7. Deernis
Deernis weerspieël Christus se hart vir die verlore en die seer mense.

Beskrywing: 'n Christus-ambassadeur reik uit met empatie en opregte sorg, nie oordeel nie.

*"Toe Hy die skares sien, het Hy innig jammer gevoel oor hulle." — Matteus 9:36*

8. Geduld
Om die Koninkryk te verteenwoordig vra volharding en rustige deursettingsvermoë.

Beskrywing: Geduld laat 'n ambassadeur wag op God se tydsberekening en sal nie in die vlees reageer nie.

*"Wees heeltemal nederig en sagmoedig; wees geduldig en verdra mekaar in liefde." — Efesiërs 4:2*

9. Vredemaker
'n Ambassadeur bevorder versoening, nie verdeeldheid nie.

Beskrywing: Die missie is om vrede tussen God en mense — en tussen mense onderling — te herstel.

*"Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word." — Matteus 5:9*

Seënwense
Brandt Coetzee – Voorsitter CBMC SA

CBMC Bankbesonderhede:
Rekeninghouer: CBMC Bank: FNB
Rekeningnommer: 6236 1233 176
Takkode: 250655 - Willowbridge
info@cbmc.co.za

Adres:
Edwardstraat 134
Bybelhuis, 1ste Verdieping
Bellville 7530

Die WhatsApp-nommer vir die CBMC-kantoor is 061 621 4668.

Snap here to pay
SnapScan